Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark - Trinitas
2019-03-10
Oggenddiens

2 Korintiërs 1:3-11

God bemoedig in tye van beproewing

Inleiding:

- Dit is nie maklik om ‘n gelowige te wees nie.
    - Dit was nog nooit en dit is asof dit elke dag net moeiliker te word.
    - Die morele kompas van die wêreld en dit wat God sê is reg en verkeerd, is nie meer in lyn met mekaar nie.
- Wetgewing oor aborsie, seksualiteit en geloofsneutraliteit is duidelik in stryd met dit wat die woord van God sê.
    - Dan het ons nog nie eers gekyk na die meer direkte uitdagings wat ons in die gesig staar nie.
        - Verskeie artikels oor die kerk in die koerant die laaste ruk het baie kommentaar uitgelok en klagtes word gelê dat die kerk nie meer relevant is of trefkrag het nie.
            - Christene word verneder en afgemaak as belaglik omdat ons steeds glo.
- Verder kring hierdie beproewing ook verder uit in fisiese vervolging.
    - Jongste statistieke wys dat een uit elke twaalf christene leef in ‘n land waar dit onwettig is om ‘n christen te wees.
        - Aan die een kant maak dit ons hartseer en moedeloos.
            - Maar wanneer Paulus sy tweede brief aan die gemeente in Korinte rig, dan sien ons die wonderlike doel wat God het met die beproewings wat ons deur gaan.
        - Ons oorleef hierdie beproewings deur die bemoediging wat ons van God ontvang.
            - Dit rus ons ook toe sodat ons ander ook kan bemoedig.
- Daarom word ons vanoggend verseker dat God bemoedig en rus toe tot bewaring van sy kerk.

Bemoediging kom van God af

- Paulus skryf hierdie brief aan die gemeente in Korinte met groot uitdagings wat hy in die gesig staar.

    - Na sy eerste brief het daar ander persone aangekom by die gemeente en hulle oortuig dat Paulus nie ‘n ware apostel was nie.
        - Hulle het ‘n ander evangelie verkondig wat in stryd was met die leer wat Paulus gebring het.
        - Die gevolg is dat Paulus al sy gesag as apostel verloor het.
            - Die gemeente was agterdogtig van dit wat Paulus aan hulle verkondig het.
                - Korinte is een van die gemeentes met wie Paulus die meeste korrespondensie en kontak gehad het.
                - Hy het die gemeente geplant en ook verskeie kere besoek op sy verskeie sendingreise.
- Die doel van die brief was om Paulus se gesag as apostel, ‘n gestuurde van God, weer te bevestig.
    - Daarom begin Paulus sy brief deur homself weer bekend te stel as ‘n dienskneg van God.
- Wanneer Paulus dan die inhoud van die brief begin, gaan dit nie vir hom oor selfverdediging nie, maar om dank aan God te bring.
    - Die rede vir Paulus se danksegging klink egter vreemd.
        - Hy dank God vir verdrukking.
            - Paulus sê dankie dat dit met hom sleg gegaan het.
            - So sien ons reeds die perspektief van ‘n gelowige hart.
                - ‘n Hart wat opreg glo dat God alles ten goede laat meewerk soos Paulus ook skryf in Romeine 8.
- In verse drie tot sewe leer Paulus dan die gemeente oor die rol wat beproewing en bemoediging speel, en dan van vers agt af, pas Paulus dit ook toe vir die gemeente.
    - Paulus se danksegging teenoor God bestaan uit drie dele uit.
        - Dank vir verdrukking
        - Dank vir redding
        - Dank vir vertroosting
- God bemoedig ons in tye van verdrukking en daarom kan ons ook ander bemoedig.
    - Paulus maak geen geheim daarvan dat verdrukking in oorvloed is nie.
        - Dit beteken dat verdrukking nie sporadies en tydelik is nie.
            - Maar dat ons die heeltyd onder alle omstandighede in alle aspekte van ons lewens beleef.
        - Maar die wonderlike troos daarvan is dat die bemoediging ook in oorvloed is.
            - Die verdrukking en beproewing wat ons dan beleef is nooit groter as die bemoediging wat van God af kom nie.
                - Die bemoediging is nie sporadies nie.

        - Dit is nie druppels wat uit ‘n kraan uitval nie, maar ‘n permanente stroom van oorvloedige bemoediging.
            - Bemoediging in elke oomblik van elke dag.
- Bemoediging bestaan uit twee dele uit.
    - Eerstens is die bemoediging vir ons ‘n vermaning.
    - En daarmee saam is dit ook vir ons ‘n troos.
        - ‘n Praktiese voorbeeld is soos ‘n kind wat op ‘n onveilige plek speel en dan seerkry.
            - As ouer moet jy die kind teregwys maar ook troos om die seer weer reg te maak.
- Dit beteken nie dat beproewing ‘n straf is op iets wat ons gedoen het nie, maar juis ‘n realiteit is wanneer ons doen waartoe God ons roep.
    - Beproewing is ‘n bevestiging en ‘n herinnering dat God ook sal bemoedig.
- Die geleerde term vir ‘n trooster is ‘n “parakleet”
    - In Joh. 14:26 sien ons dat die Gees optree as hierdie trooster.
    - In 1 Joh. 2:1 sien ons hoe Christus optree as ons trooster.
    - Joh. 16:33 wys vir ons hoe God ons troos.
        - Trooster is dus een van die eienskappe van wie God is.
        - So moet ons dan ook die positiewe sien wanneer ons ernstige verdrukking beleef.
            - Dit bevestig dat die aanslae van die wêreld nie gaan slaag nie, maar dat God se almag ook daarin sal slaag.
- Die rede vir verdrukking word ook tweeledig verduidelik deur Paulus.
    - Eerstens sodat God ons kan bemoedig en die tweede deel wat daaruit vloei is sodat ons mekaar daardeur kan bemoedig.

<u>Bemoedig mekaar</u>

- Nadat Paulus dit duidelik gemaak het wat die rede en doel van die bemoediging is, begin hy dan om hierdie bemoediging toe te pas.
    - Paulus verduidelik dan vir die gemeente eerstehands hoe hy hierdie beproewing beleef het in klein-Asië.
        - In 2 Korintiërs 11:23-28 verduidelik Paulus in meer detail hoe erg die beproewing is wat hy oral deurgemaak het.
- Die doel hiervan is dat ons bewus moet word van mekaar se verdrukking.
    - Ons kan nie net blindelings aanneem dat iemand swaarkry nie.
        - Ons moet die konteks daarvan ken.
    - In vers 8 sê Paulus dat hulle die hoop op lewe verloor het.
        - So sien ons dat hy ver bo sy kragte beproef is.
            - Maar nooit bo die krag van God nie.

        - God troos en God bemoedig
- Paulus beskryf sy gevoelens asof daar ‘n doodsvonnis oor hom uitgespreek is.
    - Hy voel soos ‘n misdadiger wat die doodstraf nader.
        - Maar dan draai sy gedagtes na God toe as die een wat red uit die dood uit.
        - Ons vertrou nie op onsself nie, maar op God.
            - Ons vertrou op God wat lewe aan die dooies kan gee.
                - Hy sal ons weer red net soos Hy al baie kere ons gered het in tye van verdrukking.
                - Daarom is ons nie hopeloos nie, maar ons hoop is opgesluit in wie God is as ons groot trooster.
- En dit is die troos en bemoediging wat ons teenoor mekaar moet wees en dit ook deel.
    - Hierdie bemoediging lei ons in ons dienswerk.
        - Dit gee ons die geleentheid om onsself te kan inleef in die beproewing wat ‘n ander gelowige deurgaan.
        - Maar dit loop ook uit op verrykende werk in die koninkryk.
            - Die bemoeding kweek eenheid in die kerk saam met ander gelowiges, want as ons mekaar bemoedig dan lei ons saam.
- Daarom moedig Paulus die gemeente aan om steeds ook te bid vir almal wat verdrukking ondergaan.
    - Ons het die gebruik in ons gemeente waar ons voorbidding doen oor verskillende sake binne en buite ons gemeente.
        - Die doel hiervan is sodat ons kan deel in mekaar se beproewing.
            - As lede van een liggaam ly ons saam wanneer een ly en ons is ook saam bly wanneer een bly is.
        - Voorbidding is daarom ook ‘n oproep vir God se seën en genade en daarom is die uitkoms van voorbidding altyd om aan God al die eer te gee want dit is sy wil wat geskied.

<u>Deel jou beproewing</u>

- Op verskeie plekke maak Paulus sy beproewing bekend.
    - Is dit ‘n soeke na simpatie of wil hy daarin roem sodat hy op die voorgrond staan?
        - Nee.
- Hy deel sy beproewing sodat die bemoediging ook duideliker na vore kan kom.
- Wat maak ek dan wanneer ek beproewing deurgaan?
    - Bly ek maar net stil en worstel self daarmee?
    - Hou ek ‘n sterk front voor by die kerk dat iemand tog net nie sien dat dit met my sleg gaan nie?

    - Distansieer ek myself van die liggaam sodat ek op my eie kan “gesond word”?
- So dikwels staan trots in die pad daarvan dat ek my seerkry en swaarkry en verdrukking deel.
    - Maar dan is die gevolg dat ek God se bemoediging ook wegsteek.
        - Dan ontneem ek ander gelowiges om hulle gawes uit te leef om jou te bemoedig.
            - Bemoedig beteken nie kitsoplossings nie.
            - Bemoedig beteken nie dat al jou sorge oornag gaan verdwyn nie.
            - Maar bemoedig beteken dat daar iemand saam met jou onder die juk inskuif en saam met jou die las dra.
                - Die las gaan nie weg nie, maar hy word ligter.
- Deel jou beproewing sodat jy kan deel in die bemoediging en wonderlike troos en genade van die Here.
    - Deel dit met jou medegelowiges sodat jy ook saam met hulle kan deel in die seën van die Here.

<u>Slot</u>

- Hoe wonderlik is dit dat die aanslae van die wêreld gebruik kan word sodat die eer God toekom?
    - Verdrukking roep ons terug na God toe.
    - Bemoediging verseker ons van God se sorg.
    - Bemoediging rus ons toe om mekaar te bemoedig en te troos sodat die kerk van Christus kan groei en sterk word.
- Alles tot eer van God.